# Hulp en Hoop

Kwartaal 4

Desember 2019

**KERKKANTOOR**
PostNet Suite # 50
Privaatsak X 2449
Mokopane 0600
Tel / Faks : (015) 491 3537

Finansiëel :
Truly Truter
fin@ngpottiessuid.org.za

Administrasie :
Anita Hurn
admin@ngpottiessuid.org.za

**LERAARS**
**Ds Jacques Erasmus**
072 653 9845 /
015 491 3539 (h)
**Kantoor-ure 015 004 2630 (jeughuis)**
jacques@ngpottiessuid.org.za

**Ds Madelein Bakker**
072 605 1113
**Kantoor-ure 015 004 2630 (jeughuis)**
mads.strydom@gmail.com

**BESOEK ONS GERUS OP ONS WEBBLAD**
www.nghulpenhoop.co.za
www.facebook.com/nghulpenhoopgemeenskapskerk

**GEDENKTUIN NAVRAE**
Besoek die kerkkantoor

## In die uitgawe


DIENSSENTRUM 2

NOODFORUM 2

EKOLOGIE 2

JEUG 3

GEMEENTE FOTO'S 4

VISIONERINGSDAG 4


## Kersboodskap

Die jaar is verby, die nuwe is op pad! Vir baie 'n uitdagende jaar en vir sommige persoonlik baie moeilik; dalk in die gemeente 'n aantal uitdagings.

Selfs die breë Kerk het hierdie jaar baie aanslae beleef. Os ons terugkyk na 2019 was daar besondere tye… vreugde en geluk; mooi verhale wat vertel is.

En nou breek die Kersgety aan. Saam met die jaar wat nou ten einde loop, ons eie tamheid en moegheid hierdie tyd van jaar, maak dit binne enkele weke plek vir feesvier.

Graag wil ons elke lidmaat bedank vir die liefde, omgee, hulp, bystand, 'n saam lag en ook die tye van saam huil…. geskenke wat ons so onverdiend ontvang.

Mag jy en jou gesin in hierdie Kersgety werklik 'n goddelike vrede ervaar en mag Kersfees 2019 vol vreugde, vrede en geluk wees.



## DIE LITURGIE IN DIE EREDIENS

'n Erediens op 'n Sondag het verskillende fasette. Ons dink gewoonlik dadelik aan drie komponente. Ons dink aan die musiek, gebed en hoofsaaklik aan die prediking. Eintlik is dit vir ons moeilik om 'n erediens sonder prediking voor te stel. Tog is prediking nie die hoofdeel van 'n erediens nie. Dit is bloot net nog 'n gedeelte van die liturgie.

Ons glo dat God deur Sy Heilige Gees aan die werk is regdeur die hele erediens. Die Here is nie afhanklik van een persoon om met Sy kinders te praat nie. Nee, die Heilige Gees is heeltyd besig om in ons harte te fluister. Daarom verstaan ons die liturgie as n ontmoetingsgebeure met God. Elkeen se ontmoeting lyk dalk anders of word die duidelikste op verskillende oomblikke ervaar. Maar die geleentheid is daar vir elkeen om God se aanraking te ervaar.

Ons kan metafories sê dat die Liturg deur die loop van die week in gesprek met God 'n skatkis in 'n woud gevind het. Op 'n Sondag begelei die Liturg dan die gemeente op hierdie reis terug na die skatkis toe.

Die Liturg het ure daaraan spandeer. Maar die gemeente het een uur om hierdie reis aan te pak.

Daarom loop die Liturg voor en begelei die gemeente al langs die hoof oomblikke af na die skat toe.

Ons begin met die Votum. God het die eerste sê in hierdie erediens. Hy is die begin en die einde. Die Votum vertel iets van die reis van wat God beplan vir die dag. Dis 'n tipe voorsmakie.

Dan hoor ons die Here se verwelkoming, Sy groet. En ons raak bewus daarvan dat God self saam met ons die reis aanpak. Net soos die emmausgangers word ons oë oopgemaak vir Jesus se teenwoordigheid.

Ons raak bewus van wie God is en die natuurlike uitvloei daarvan is lofprysing, die loflied.

Ons raak ook bewus van wie ons is. Ons is God se kinders en tog ook feilbaar en sondig. En wanneer ons deur die wet onsself met God se heiligheid vergelyk besef ons hoe ver ons nog te kort skiet. Ons vra die Heer om ons genadig te wees en ons te vorm in die proses van heiligmaking.

Ons besef hoe nodig ons God se Woord en inspraak in ons lewe het. Ons raak stil en sien met verwagting uit na God se Heilige Woord om deur die harde kors van ons harte te breek tot waar dit vrugbare grond vind. Ons kom al hoe nader aan die skatkis. Ons lees God se Woord. Aaaa, God het voorwaar met my gepraat! 'n Skatkis vol van 'n ontmoeting met God! Ek weet wat God vanoggend vir MY sê. Dan begin die preek. Ja, God werk ook deur 'n mede-christen. Ek sien die Lig. Ek weet wat dit van my vra. Ek wil getuig oor dit wat ek gevind het in Jesus. Ek wil die skatkis uitleef wat ek vandag in die erediens gevind het. Daarom gee ek my alles vir hierdie Jesus! Ek gee my geld, my bestaan, my lewe en vanoggend ook my kollekte. O, maar ek kan dit nie alleen doen nie.

As die Here die huis nie bou nie, bou die wat daaraan bou tevergeefs. Ons het God's seën en God's leiding nodig met hierdie taak. Ons kry met die seënbede die bevestiging dat ons reeds God se seën en leiding by ons het. Ons raak bewus daarvan. Ons dra die skatkis, Jesus, die wêreld in.

# DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES

Die SENTRUM het ontstaan deur die behoefte wat in die dorp geidentifseer is deur veskeie diensorganisasie soos die plaaslike kerke, Lions, Rotariës, tafelrondte ens. Hierdie organisasies het almal n gemeenskaplike doel, die versorging van bejaardes. Na n vergadering wat gehou is in Oktober 1986 is daar besluit om kragte saam te snoer en het dit gelei tot die ontstaan van DIE DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES soos dit vandag bekend staan.

**Die MISSIE van die DIENSSENTUM VIR BEJAARDES** is om kwaliteit dienste teen bekostigebare pryse aan persone van 60 jaar en ouer te lewer. Maar ook om bejaardes vir so lank moontlik selfstandig in die gemeeskap te laat funksioneer.

**PRIMêRE DIENSTE** wat gelewer word is :
GESONDHEIDSORG - waar daar n gekwalifiseerde suster is wat die lede bystaan met die ontvangs en uitdeel van kroniese medikasie. Vir herhaalvoorskifte help die Sentrum met vervoer na die Kliniek
GEBALANSEERDE ETES word elke middag (van Maandae tot Vrydae) aan bejaardes voorsien @ R12-00 / R15 per ete afhangend van hulle finansiële inkomste.

**SEKONDêRE DIENSTE** is om gesellig te kuier maar ook soms uitstappies te reël met die doel om die bejaardes met mense van hulle eie ouderdomsgroep te laat kuier maar ook om hulle aktief deel van die samelewing te maak.

Vevoer word ook veskaf aan lede teen R5 per enkel rit.

Huidiglik is daar 445 lede verbonde aan die DIENSSENTRUM. Jaarlikse ledefooi wat wissel van R100 tot R450 afhangende van hulle finansiële inkomste.

Die DIENSSENTRUM ontvang subsidie van die staat maar die subsidie het die afgelope paar jaar baie verminder met die gevolg dat DIE DIENSSENTRUM elke maand ongeveer R35 000 kort is Om hierdie tekort aan te vul word daar jaarliks die KIERRIEKLAPPER FEES gehou met die uitsluitlik doel om die tekort aan te vul met die verskaffing van etes aan bejaardes. Straatkollekte en weeklikse bak van pannekoek word ook gehou om fondse aan te vul.

Hoe raak ek betrokke?:

- Borg n bejaarde se ete per maand
- Skenkings / bestanddele vir etes
- Borg n bejaarde vir n jaar (ongeveer R3500 per jaar)
- Borg brandstof.
- Bid dat ons as bestuur oordeelkundig die fondse sal bestuur.

Skakel gerus vir Kpln D Kotze
Vir meer inligting 084 515 860



***Belangrike eredienste gedurende die Feesseisoen***

**1 – 15 Desember**
Eredienste in Gemeentesentrum en Sterkrivier soos aangedui op almanak.
*Geen aanddienste*

**22 – 29 Desember om 09:00**
Gesamentlike dienste by Piet Potgietersrust
*Geen dienste op Sterkrivier*
*Geen aanddienste*

**31 Desember om 18:30**
Gesamentlike diens by Piet Potgietersrust
*Geen dienste op Sterkrivier*
*Geen aanddienste*

Normale dienste hervat weer in die sentrum vanaf Januarie 2020

# MOKOPANE NOODFORUM

Mokopane Noodforum is 'n niewinsgewende welsynsorganisasie wat dienste aan 'n groot deel van Mokopane, Mookgopong en omliggende gebiede lewer.

Mokopane Noodforum lewer drie basiese dienste:
*Welsynsdienste* wat deur twee gekwalifiseerde Maatskaplike werkers gelewer word. Dit sluit alle maatskaplike sake soos kinder sake, plaas in pleegsorg, veilige bewaring en aanneming, families, en enige ander maatskaplike dienste soos nodig.

Die Noodforum is die enigste organisasie in Limpopo wat 'n *Intervensie Program* aanbied. Dit is 'n program waar jeugdiges wat met die gereg gebots het verwys word om die program by te woon. Die program is daarop gemik om gedrag te verander en kan dan verhoed dat die jeugdige tronkstraf kry en dalk 'n kriminele rekord kry. Gewoonlik word opgeskorte vonnisse opgelê. Die program gaan uitgebrei word na skole en ander organisasies wat belangstel om die program as deel van dissiplinêre prosesse aan te wend.

*Ondersteuning aan behoeftiges.* Persone wat voedsel op 'n langtermyn benodig kan in samewerking met organisasies soos die Noodforum na SASSA verwys word om maandeliks voedsel te ontvang.

Daaglikse etes word ook aan persone verskaf soos nodig.

Daar is ook klere beskikbaar wat teen baie lae pryse aangekoop kan word. Klereskenkings word uit gesoek en gewas, slegs bruikbare klere word tan verkoop
.

Die Noodforum ontvang 'n staatsubsidie maar benodig ander fondse om te kan voortbestaan. Enige donasies in die vorm van kos, klere, speelgoed, kontant of enige ander bruikbare items kan gebruik word om die fondse aan te vul.



# EKOLOGIE BEDIENING

Tydens die laaste deel van die jaar het die ekologie bediening twee projekte aangepak.

Die eerste van die projekte was om die inheemse bome op die terrein te identifiseer en naamplaatjies op hulle te sit. Dis belangrik om te weet wat bome se name is, vir bewusmaking van die waarde van inheemse bome. Ons wil u uitnooi om gerus te gaan kyk daarna en bietjie meer te gaan oplees oor die spesies en boom families.

Die tweede projek wat ons aangepak het is die oprig van 'n kweekhuis op die terrein. Die projek gaan volgende jaar voort wanneer ons die struktuur gaan toerus sodat meer inheemse plante en bome gekweek kan word, om verkoop te word vir inkomste om die projek te laat voort bestaan. Ons wil ook stelselmatig die uitheemse bome op die terrein vervang met inheemse bome. Die bome gaan dan ook gebruik word om in parkeer-areas en sypaadjies geplant te word.

Die ander deel van die kweekhuis gaan aangewend word as uitstalruimte vir tegnieke om groente in klein areas of in jou tuin te kweek en ook tegnieke om water te spaar of om kompos te maak. Ons sien uit om te sien waar die projek heen kan lei en om die terrein en die dorp meer groen te kan maak.



## JA AANDE

Ons het 'n paar Sondae aande na die diens lekker volleyball gespeel en roomys en waatlemoen geëet. Sondagaand 27 Oktober 2019 het ons die kwartaal afgesluit by die Gholfbaan met pizza's en 'n "Sterrekykdiens".



## KLIEDERKERK / Gesinsdienste

Ons het hierdie kwartaal net twee keer Kliederkerk gehad. Daar was elke keer omtrent so 40 kinders. Frikkie, Hes en Blapsie het weer die kinders op 'n lekker manier van Jesus kom vertel. Ons het koekies versier om 'n robot uit te beeld. (Rooi, geel en groen)







## Speletjiesmiddae

Ons het speletjiesmiddag gehad op Vrydag 11 Oktober 2019. Die beplanning was om "stress balletjies" te maak met balonne en meel, maar die kinders het ander planne met die meel gehad.
Die opkoms was ongelukkig swak, maar die helpers en kinders het hulleself ongelooflik baie geniet.



Ons het die jaar afgesluit met die piekniek op 9 November 2019 op die Kerkterrein. Dit was groot waterpret die hele dag met die waterwurm en waterbolonne!










# Visioneringsdag

Die Here het vir ons gewys
wat die pad is wat ons as gemeente moet volg…

**Maar ons moet saam beplan hoe, waar en wanneer?**

Ons nooi graag ons Kerkraad, Bedieningsleiers en Gemeente lede om saam met ons te kom droom en beplan vir die jaar.

Skakel gerus vir ds Jacques vir meer inligting 072 653 9845

## Saterdag 11 Januarie